

KINDERWERKKAART

FILIPPENSE 2:12-13

God se liefde maak 'n verlange in ons wakker

OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur Filippense 2:12-18 saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Lê by jou kind vas dat ons die wil en behoefte (verlange) het om saam met God te lewe.
- Sing saam Psalm 84 en 100:

Psalm 84

1. Hoe lieflik is u wonings, HEER
der leërskaie! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange
om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid
tot U wat leef, verlangend uit.

Psalm 100

1. Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!
2. Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.
3. Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.
4. Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

AKTIWITEIT:

Materiaal benodig: glase, strooitjies (indien moontlik), yskoue water

Vul 'n glas met water en sluk gulsig daaraan of suig met strooitjie totdat slurpgeluide gehoor kan word. Vra kind(ers) wie van hulle al baie dors was. Was hulle al baie lus vir 'n glas yskoue water? Hoe voel jy as jy so dors is? Hoe proe daardie eerste sluk water dan? Net so wil God hê moet ons dors (verlangend uitsien) na Hom. Hy wil hê ons moet daarna uitsien om tyd saam met Hom deur te bring net soos ons die slukkie water wil hê as ons moeg en dors is. God verkwik en herstel ons wanneer ons tyd saam met Hom spandeer, net soos water ons verkwik en herstel as ons warm en dors is.

Ons word aangemoedig om elke week sy goedheid en sy lering op te slurp, net soos wat 'n mens doen wanneer jy baie dors is. Elke keer as ons 'n slukkie water of koeldrank neem, moet ons vandag se les onthou en vir God sê dat ons dors/verlang na hom.

Ons moet onself vra:


1. Wil ek meer tyd saam met God deurbring?
2. Op watter maniere kan ek tyd saam met God deurbring?
 - 2.1 Kerk toe gaan of luister na preke
 - 2.2 Kinderkerk
 - 2.3 Sondagskool
 - 2.4 Huisgodsdienst
 - 2.5 Bybel lees
 - 2.6 Bid
 - 2.7 Geestelike liedjies sing

Gebed:


Here Jesus, dankie dat ons uit U Woord leer dat U vir ons lief is. Ons wil elke dag tyd saam met U deurbring, want ons verlang om by U te wees. Amen

WERKKAART VIR KLEUTERS EN PEUTERS: Kleur in

Kerk bywoon



Bybel lees



WERKKAART VIR OUER KINDERS: Kleur verkeerslig in, knip uit, ryg toutjie deur gaatjie en hang op deurhandvatsel.



STOP
en luister
na God

STADIG
maak tyd
vir God

GAAN
doen God
se wil